



# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2005**

**GESKIEDENIS V2**

**HOËR GRAAD**

**OKTOBER/NOVEMBER 2005**

**Punte: 200**

**3 Ure**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 'n ADDENDUM van 15 bladsye.**



**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE**

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat besluit word watter vrae beantwoord gaan word.

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A bestaan uit SES (6) opstelvrae.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE (3) brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik gaan word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.
4. MOENIE TWEE (2) opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord NIE.
5. Jy word toegelaat om EEN (1) opstelvraag en EEN (1) brongebaseerde vraag van dieselfde tema te beantwoord.
6. Beantwoord VIER (4) vrae.
  - 6.1 Minstens EEN (1) moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN (1) moet 'n brongebaseerde vraag wees.
  - 6.2 **JY MOET MINSTENS EEN (1) VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**
7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.
8. Skryf duidelik en leesbaar.



**AFDELING A: OPSTELVRAE**

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag en nie meer as DRIE (3) vrae uit hierdie afdeling nie.

**VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU**

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 1A**

Afrika se uitdagings ná onafhanklikheid het nie net uit koloniale heerskappy gespruit nie. Baie van die uitdagings het van die nuwe onafhanklike Afrika-state self gekom.

Is dit 'n billike oordeel (uitspraak)? Bespreek krities.

[50]

OF

**VRAAG 1B**

Ten spyte van sy tekortkominge was die Organisasie van Afrika-Eenheid (OAE) 'n sukses.

Stem jy saam? Motiveer jou standpunt krities.

[50]

**VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND**

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 2A**

Dit was Lenin se briljante staatmanskap wat Rusland gered het van die gevaar van 'n burgeroorlogneerlaag en die ramp van Oorlogskommunisme.

Evalueer hierdie stelling met verwysing na die tydperk 1917 tot 1924.

[50]

OF

**VRAAG 2B**

Stalin se Vyfjaarprogramme van ekonomiese ontwikkeling tussen 1928 en 1939 het meer verligting as lyding vir die mense van Rusland gebring.

Ondersoek hierdie stelling krities.

[50]



**VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA**

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord NIE.

**VRAAG 3A**

In die tydperk wat bekend gestaan het as die Sewe Vet Jare (1922 – 1929), het daar ongeëwenaarde voorspoed geheers, maar toe die effektebeurs van Wall Street op 24 Oktober 1929 in duie stort, het die Amerikaanse ekonomie dramaties ineengestort.

Ontleed die faktore wat tot hierdie wipplank-aksie (opkoms en val) van die Amerikaanse ekonomie in die 1920's bygedra het.

**[50]****OF****VRAAG 3B**

Daar word deur kritici beweer dat FD Roosevelt se New Deal-beleid nie suksesvol was om die Groot Depressie in die tydperk 1933 tot 1939 te beëindig nie.

Is dit geregverdigde kritiek? Motiveer jou antwoord.

**[50]**

**AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE**

Beantwoord ten minste EEN (1) vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal vir die beantwoording van hierdie vrae is in 'n ADDENDUM.

**VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU****4.1 HOE HET DIE KOLONIALE MAGTE TOT DIE DEKOLONISASIE-PROSES BYGEDRA?**

Gebruik Bronne 4A en 4B om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Verwys na Bron 4A:

- a) Wat was volgens W Tordoff die faktore wat die posisie van koloniale magte verswak het? (2 x 2) (4)
- b) Lewer kommentaar op die belangrikheid van die Atlantiese Handves van 1941. (2 x 2) (4)

4.1.2 Met verwysing na Bron 4B:

- a) Wat was die struikelblokke wat koloniale skole ondervind het? (3 x 1) (3)
- b) Verduidelik hoe die koloniale magte tot hierdie struikelblokke bygedra het. (2 x 2) (4)

4.1.3 Gebruik Bronne 4A en 4B en verduidelik waarom jy dink dat die invloed van koloniale magte verminder is. (2 x 2) (4)

4.1.4 Gebruik Bronne 4A, 4B en jou eie kennis. Skryf 'n paragraaf van ongeveer 15 reëls om te verduidelik hoe die koloniale magte tot die proses van dekolonisasie bygedra het. (12) (31)

**4.2 WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DEKOLONISASIE OP AFRIKA?**

Gebruik Bronne 4C en 4D om die volgende vrae te beantwoord:

4.2.1 Verwys na Bron 4C:

- a) Verduidelik hoekom die Kongo sleg gevaar het toe onafhanklikheid eindelijk aangebreek het. (1 x 2) (2)
- b) Wat sê 'van ongeveer vyfduisend bestuursvlakposte in die staatsdiens was slegs drie deur Afrikane gevul' vir jou van die tydperk van koloniale heerskappy? (2 x 2) (4)
- c) Op watter basis was Nkrumah gewillig om die Europeërs te verwelkom? (1 x 2) (2)



- 4.2.2 Verduidelik hoe nuttig Bron 4D is om Afrika se pad na die nuwe millennium uit te beeld. (3 x 2) (6)
- 4.2.3 In watter mate bevestig die bewyse in Bron 4C die probleme wat in Bron 4D beklemtoon is? (5)

(19)  
[50]

**VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET**

**5.1 HOE HET DIE DOOD VAN ERNST VOM RATH DIE JODE IN NAZI-DUISSLAND BEÏNVLOED?**

Gebruik Bronne 5A, 5B en 5C om die volgende vrae te beantwoord:

- 5.1.1 Met verwysing na Bron 5A:
- a) Hoe het Herzl Grynspan sy woede uitgedruk? (1)
- b) Wat was die rede vir sy woede? (1 x 2) (2)
- c) Hoe het die Duitse regering op Vom Rath se dood gereageer? (2 x 2) (4)
- 5.1.2 Volgens Bron 5B het die Nazi's opdrag ontvang om nog betogings te organiseer, maar dit moes nie lyk of hulle daaragter skuil nie. Deur die bron en jou eie kennis te gebruik, verduidelik die redes vir hierdie opdrag. (2 x 2) (4)
- 5.1.3 Gebruik Bron 5C:
- (a) Wat was die kommentaar van die drie mense op die gebeure van Kristalnag? (3 x 1) (3)
- (b) Wat sê die opmerking '*vroeër is plunderaars en rowers geskiet; nou beskerm die polisie hulle*' vir jou oor Duitsland? (1 x 2) (2)
- 5.1.4 Vergelyk die bewyse oor die behandeling van Jode in Bronne 5B en 5C. Verduidelik hoe betroubaar hierdie bronne is.
- Vraag 5.1.4 sal volgens kriteria wat in 'n matriks georganiseer is, nagesien word. (6)
- 5.1.5 Gebruik Bronne 5A, 5B, 5C en jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer 12 reëls oor die gevolge van Ernst vom Rath se dood te skryf. (10)

[32]



## 5.2 WATTER SOORT VERHOUDING HET VOOR DIE TWEEDE WêRELD-OORLOG TUSSEN DIE BELANGRIKSTE MAGTE BESTAAN?

Gebruik Bronne 5D en 5E om die volgende vrae te beantwoord:

5.2.1 Verwys na Bron 5D:

- a) Verduidelik of jy die onderhandelinge van die USSR met die Franse en Britte as suksesvol sal beskou. (2 x 2) (4)
- b) In watter opsig het Stalin gevoel hy het Hitler 'gekul'? (2 x 2) (4)

5.2.2 Wat sê die woorde van Hitler en Stalin in Bron 5E vir jou van die Nazi-Sowjet-verhouding? (2 x 2) (4)

5.2.3 In watter opsig ondersteun Bronne 5D en 5E mekaar ten opsigte van die Nazi-Sowjet-verdrag?

Vraag 5.2.3 sal volgens kriteria wat in 'n matriks georganiseer is, nagesien word.

(6)  
(18)  
[50]

## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 WATTER INVLOED HET DIE TRUMAN-LEER EN DIE MARSHALL-PLAN OP EUROPA GEHAD?

Gebruik Bronne 6A, 6B en 6C om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Bestudeer Bron 6A:

- a) Daar word na twee regeringsvorme in Bron 6A verwys. Identifiseer die TWEE vorms. (2 x 2) (4)
- b) Watter vorm van regering word deur president Truman voorgestaan? (1 x 2) (2)
- c) Hoekom dink jy het president Truman geglo '*dat dit die beleid van die Verenigde State van Amerika moet wees om sy vry volkere te ondersteun*'? (1 x 2) (2)

6.1.2 a) In watter opsig is George Marshall se beleid in Bron 6B dieselfde as president Truman se beleid in Bron 6A? (2 x 3) (6)

b) Verduidelik die redes vir die ooreenkomste. (2 x 2) (4)

6.1.3 Verduidelik die redes vir Zhdanov se opmerkings oor die Marshall-plan en die Truman-leer in Bron 6C. (3 x 2) (6)

(24)



**6.2 HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE WES-BERLYN BEÏNVLOED?**

Gebruik Bronne 6D, 6E en 6F om die volgende vrae te beantwoord:

- |       |  |         |             |
|-------|--|---------|-------------|
| 6.2.1 | Hoe verskil Bronne 6D en 6E in hulle siening van die Berlynse Blokkade?  | (2 x 3) | (6)         |
| 6.2.2 | Hoe ondersteun die bewyse in Bron 6D die bewyse in Bron 6F?  | (2 x 2) | (4)         |
| 6.2.3 | Watter boodskap wil die spotprenttekenaar graag in Bron 6F omtrent die Berlynse Blokkade oordra?   | (2 x 2) | (4)         |
| 6.2.4 | Gebruik Bronne 6D, 6E en 6F en jou eie kennis. Skryf 'n paragraaf van ongeveer 15 reëls waarin jy verduidelik watter ondervindings jy sou gehad het as jy in Berlyn tydens die blokkade sou gebly het. |         | (12)        |
|       |  |         | <b>(26)</b> |
|       |  |         | <b>[50]</b> |

**GROOTTOTAAL: 200**

---oooOooo---







# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **GROOT DRUK**

**GESKIEDENIS V2**

**HG**

**ADDENDUM**

**OKTOBER/NOVEMBER 2005**



## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 HOE HET DIE KOLONIALE MAGTE TOT DIE DEKOLONISASIE- PROSES BYGEDRA?

#### BRON 4A

Hier volg 'n uittreksel uit *Government and Politics in Africa*, deur William Tordoff, 1984, wat die redes vir dekolonisasie uiteensit.

Die koloniale magte is weens verskeie redes verswak. In die eerste plek is die Franse in 1940 heeltemal verslaan en Frankryk moes vier harde jare van Duitse besetting verduur met 'n groot verlies aan rykdom en aansien. Die Britte het die oorlog gewen, maar moes tot die laaste manskap en pennie vir hul oorwinning veg. Hulle het baie armer as vantevore uit die oorlog getree.

Tweedens het die VSA en ook die USSR 'supermoondhede' in die na-oorlogse wêreld geword. Geeneen was daarin geïnteresseerd om die Britte en Franse koloniale stelsels te versterk nie; intendeel, al was dit met baie verskillende politieke idees, het albei 'n belang daarin gehad om die Britse en Franse heerskappy te verswak. Elkeen wou graag sy eie handel en invloed uitbrei.

In die derde plek was daar gekolonialiseerde volke



van Asië wat hulle onafhanklikheid begin eis het. Teen die einde van die oorlog was dit duidelik dat Brittanje onafhanklikheid aan Birma, Indië en Ceylon (Sri Lanka) sou moes gee. Die groeiende krag en sukses van Asiese nasionalisme het 'n aanmoediging vir Afrika-nasionalisme geword.

Maar Afrika-nasionalisme – bedoelende daarmee wesenlik die eis vir anti-koloniale verandering en selfs onafhanklikheid – het reeds in reaksie op die Atlantiese Handves van 1941 vorentoe beweeg. Dit was 'n ernstige verklaring deur President Roosevelt van die VSA en Eerste Minister Churchill van Brittanje. Dit het belowe dat, nadat die Geallieerdes die oorlog gewen het, sou hulle die 'reg van alle volke respekteer om die regeringsvorm te kies waaronder hulle wil leef.'

## BRON 4B

Die volgende is 'n uittreksel wat die struikelblokke uiteensit wat die koloniale skole



in Afrika in die gesig gestaar het. Dit is geneem uit *Decolonization in Africa* deur JD Hargreaves, 1988.

‘n Afrika sonder moderne skole en onderwys sou nooit kon vooruitgaan nie, almal was daarmee eens. Maar die voorsiening van hierdie soort onderwys het met drie groot struikelblokke te make gekry. Een probleem was dat die geld vir skole en onderwys altyd te min was. In elke kolonie het die meeste kinders geen geleentheid gehad om skool toe te gaan nie, want daar was geen skole nie.

Teen 1945, selfs in die minder agterlike kolonies, was die verhouding van kinders wat kon skool toe gaan, kleiner as een uit elke tien. Die vermoë om te lees en skryf was steeds ‘n skaars vaardigheid. In die meer agterlike kolonies – soos dié van Portugal na 1945 – was die verhouding van Afrikane wat hierdie vaardigheid kon aangeleer het, kleiner as een uit elke honderd.

‘n Tweede struikelblok was die armoede van die ouers. Weinig kon skoolgeld, boeke en klere bekostig, of reisgeld, indien ‘n busreis nodig was om by die skool te kom. Selfs al het hulle hul kinders skool toe gestuur, sou daardie seuns en dogters selde langer as een jaar bly, of miskien twee: hulle was tuis nodig vir werk.

‘n Derde struikelblok was die aard van koloniale onderwys. As jong mense daarin geslaag het om skool toe te gaan en op skool te bly, wat kon hulle



leer? Die beginsels van 'n bietjie geletterdheid en godsdiens was die hoofvakke wat onderrig is; in die eerste jaar of langer, was dit gewoonlik die enigste vakke wat onderrig is. Die later jare het 'n bietjie geskiedenis en aardrykskunde ingesluit, en miskien een of twee ander vakke. Al hierdie vakke is egter uit 'n rassistiese oogpunt onderrig: daar was die neiging om aan te toon dat wat ook al van Europa af gekom het, goed en bruikbaar was, en dat wat ook al van Afrika afkomstig was, óf die teendeel was óf nie werd was om bestudeer te word nie. In Geskiedenis, byvoorbeeld, het Britse koloniale skole van Britse konings en helde geleer, Franse koloniale skole oor Franse konings en helde, en die kleiner koninkryke het dieselfde gedoen. Die algemene aanname waarop hierdie soort onderrig gegrond was, was dat Afrikane nie beskik het oor die vermoë om hul eie probleme op te los nie en dat die Europeërs hulle moes wys hoe.



## 4.2 WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DEKOLONISASIE OP AFRIKA?

### BRON 4C

Twee standpunte deur A Hochschild en Nkrumah oor die uitwerking van dekolonisasie.

**STANDPUNT A** - Die historikus A Hochschild verduidelik in sy boek, *King Leopold's Ghost*, 1988, die moeilikhede wat die onafhanklike Kongo in die gesig gestaar het.

Toe onafhanklikheid uiteindelik vir die Kongo gekom het, het die land sleg gevaar...in die hele gebied was daar minder as dertig universiteitsgegra-dueerde Afrikane. Daar was geen Kongolese weermagsoffisiere, ingenieurs, landboukundiges of dokters nie. Die kolonie se administrasie het maar min gedoen om 'n Kongo daar te stel wat deur sy eie mense bestuur word: uit ongeveer vyfduisend bestuursvlakposte in die staatsdiens is slegs drie deur Afrikane beklee.

**STANDPUNT B** - Opmerkings deur Kwame Nkrumah, die eerste leier van Ghana na onafhanklikheid in 1958. Nkrumah het druk op Brittanje geplaas om onafhanklikheid aan Ghana toe te staan.



Ons sal Europeërs verwelkom as hulle in 'n gees van vriendskap en samewerking kom. Ons wil nie hê hulle moet aanbly as hulle ons regeerders wil wees nie. Ons kan onself regeer. Ons het dit gedoen voordat hulle hierheen gekom het. Hoekom sou ons dit nie nou kan doen nie? Ons het hulle nie gevra om hierheen te kom nie. Hulle het hulself genooi. Dit was nog altyd 'n beskaafde land met beskaafde waardes. Die Europeërs het ons gewys hoe om tegnologies vooruit te gaan en ons is dankbaar, maar terselfdertyd het hulle dit nie sonder rede gedoen nie. Hulle het hulle pond vleis gekry. Hulle het vet geword op die rykdom van Afrika.

## BRON 4D

Hierdie spotprent beeld Afrika se uitdagings uit en is in 1999 in die tydskrif,



## *New People*, in Nairobi gedruk.

Die Afrikaanse vertaling van die byskrifte is soos volg:

Op die figuur se kop is AFRIKA geskryf. By sy mond is die woord GAAP!!

Op sy rug is 'n bondel met die volgende woorde daarop geskryf:  
BUITELANDSE SKULD.  
KONFLIKTE.  
KORRUPSIE.  
VIGS.

Op die rigtingwyser staan: OP PAD NA 2000







## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 HOE HET DIE DOOD VAN ERNST VOM RATH DIE JODE IN NAZI-DUISSLAND BEÏNVLOED?

#### BRON 5A

‘n Uittreksel uit *Hitler's Germany* deur Bernt Engelmann, 1988.

Op 7 November 1938 het ‘n Joodse vlugteling met die naam Herschel Grynszpan vir Ernst vom Rath, ‘n personeellid van die Duitse Ambassade in Parys doodgeskiet. Hy het dit gedoen omdat sy ouers onder die duisend Jode was wat in Duitsland gewoon het, wat in spoorwegtrokke gedwing en na die grens by Pole geneem is, net om daar afgelaai te word en aangesê te word om vir hulself te sorg.

Op die 8ste November het bevel na al die Duitse veiligheidspolisie by alle Gestapo hoofkwartiere uitgegaan. Onder die bevel was die volgende: ‘Slegs daardie maatreëls mag getref word wat nie Duitse lewens of eiendom in gevaar stel nie...byvoorbeeld, brand sinagoges af slegs indien daar geen kans is dat die vuur na geboue sal versprei wat aan Duitsers behoort nie...Die polisie moenie inmeng nie...welgestelde Jode moet gearresteer word en kontak moet met die naaste



konsentrasiekamp gemaak word.'

## BRON 5B

Hier volg 'n uittreksel uit David Irving's *The War Path*, 1978. Dit verduidelik die reaksie op Vom Rath se dood voor die gebeure van Kristalnag. Kristalnag was 'n spontane uitbarsting van woede wat aan die gang gesit is deur die moord van



Ernst vom Rath. Teen die einde van die nag, was 91 mense doodgemaak en honderde sinagoges verwoes; die sypaadjies was met glasskerwe oortrek -daarvandaan die naam Kristalnag.

Goebbels [Minister van Propaganda] was daardie aand by Hitler se privaatwoning in München, toe tyding kom van Vom Rath se dood in Parys. Hy het vir Hitler gesê dat daar anti-Joodse betogings in twee provinsies was.

Hitler het gesê dat die Party nie sulke betogings moes organiseer nie – hulle moes dit ook nie stop nie as dit sommer net gebeur het nie. (LW. Dit is wat Goebbels by die ondersoek wat later deur die party gereël is, gesê het.) Goebbels het Hitler toe verlaat, aangesien hy gereël het om 'n toespraak by 'n vergadering te lewer...Hy het die vergadering meegedeel dat nog betogings deur die Nazi's georganiseer moes word, maar dit moes nie lyk of hulle daaragter gesit het nie. Hierdie instruksies het onmiddellik na die plaaslike Nazi's uitgegaan...Dwarsdeur Duitsland...het 'n orgie van brand en verwoesting, moord en verkragting begin. Hitler het Goebbels om 1 vm. geskakel om te vra: 'Wat is die speletjie?' en teen 2.56 vm. is 'n teleteks gestuur om die aanvalle te beëindig.

Die volgende dag het Goebbels Hitler oortuig dat die optrede 'n tydige waarskuwing vir die Jode oorsee was. Goering is in bevel van die opruimingsoperasie geplaas. Hy het seker gemaak dat die Jode geforseer is om 'n enorme



boete van een biljoen mark vir die moord op Vom Rath te betaal en hulle het hul versekeringsgeld verloor.



**BRON 5C**

Opmerkings deur Duitse mans en vrouens oor Kristalnag, soos dit in *Hitler's Germany* deur Bernt Engelmann, 1988 aangeteken is.

'n Uur later is ek met die bus stad toe... Oral waar ek gegaan het, het ek ontstelde, hartseer of woedende gesigte gesien. Ek het ook hierdie drie mense se opmerkings gehoor. Die eerste was 'n ou man wat op 'n sitplek vir gestremde soldate gesit het. Hy het na 'n geruïneerde skoenwinkel gekyk.

Die tweede opmerking was van 'n vrou wat 'n groot Nazi-partyborsspel gedra het. Die derde het gekom van my Tante Annie vir wie ek gaan ontmoet het.

**Opmerking 1:** Vroeër is plunderaars en rowers geskiet. Nou beskerm die polisie hulle. Dit is wat met Duitsland gebeur het. Die land waarvoor ons ons lewens op die spel geplaas het!

**Opmerking 2:** Hulle moes dit nie gedoen het nie. Ek is seker die Führer keur dit nie goed nie.

**Opmerking 3:** Ons Duitsers gaan duur betaal vir dit wat gister nag gebeur het. Ons kerke, huise en winkels gaan verwoes word. Daarvan kan jy seker wees!





## 5.2 WATTER SOORT VERHOUDING HET VOOR DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG TUSSEN DIE BELANGRIKSTE MAGTE BESTAAN?

### BRON 5D

Hierdie is 'n uittreksel uit *Khrushchev Remembers*, die dagboek van die Sowjet-minister, N Khrushchev. Hy beskryf hoe Stalin sy ministers en gaste by 'n jag-partytjie onthaal het, en skets kortliks die Sowjet-mening oor die Nazi-Sowjet Verdrag.





In elk geval, op daardie Sondag in Augustus 1939 het ons by Stalin vir ete bymekaargekom, en terwyl ons jagtrofeë vir die tafel voorberei is, het Stalin ons vertel dat Ribbentrop 'n konsep van 'n vriendskaps- en nie-aggressieverdrag wat ons geteken het, saamgebring het. Stalin het baie ingenome met homself gelyk. Hy het gesê dat wanneer die Engelse en Franse wat nog in Moskou was, die volgende dag uitvind van die verdrag, sou hulle onmiddellik huis toe vertrek. Die Engelse en Franse verteenwoordigers wat Moskou toe gekom het om met Voroshilov te praat, wou regtig glad nie kragte met ons teen Duitsland saamsnoer nie. Ons besprekings met hulle was vrugtelos. Ons het geweet dat hulle nie ernstig was oor 'n verbondskap met ons nie en dat hulle eintlike doelwit was om Hitler teen ons op te steek. Ons was net so bly om hulle te sien vertrek.

Dit is hoe die Ribbentrop-Molotov Verdrag, [ Nazi-Sowjet Verdrag] soos dit in die Weste bekend gestaan het, tot stand gekom het. Ons het goed geweet dat Hitler probeer het om ons met die verdrag te kul. Ek het met my eie ore gehoor toe Stalin sê: 'Dis natuurlik alles 'n speletjie om self te kyk wie kan vir wie vir die gek hou. Ek weet wat Hitler beoog. Hy dink hy't my uitoorlê, maar dis eintlik ek wat hom gekul het!' Stalin het vir my, Voroshilov en Beria en party ander lede van die Politburo vertel dat, as gevolg van hierdie verdrag, ons die oorlog nog 'n rukkie langer sou misloop. Ons sou in staat wees om neutraal te bly en ons kragte te spaar. Dan sou ons sien wat gebeur

## BRON 5E

Hierdie spotprent is deur David Low geteken en het in die *Daily Mail* in September

1939 verskyn. Dit is geteken in die tyd toe die Nazi-Sowjet Verdrag geteken is.

Adolf Hitler wat Duitsland verteenwoordig aan die linkerkant groet Josef Stalin van die USSR. Op die grond lê 'n liggaam wat Pole voorstel.

Die Afrikaanse vertaling van wat Hitler sê en hoe Stalin daarop reageer, is die volgende:

Adolf Hitler: Die skuim van die aarde, nie waar nie?

Josef Stalin: Die bloeddorstige sluipmoordenaar van die werkers, neem ek aan.



SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2005  
ADDENDUM



## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGE EN GEBEURTENISSE 1945 - 1970: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 WATTER INVLOED HET DIE TRUMAN-LEER EN DIE MARSHALL-PLAN OP EUROPA GEHAD?

#### BRON 6A

‘n Uittreksel uit ‘n toespraak wat in Maart 1947 deur President Truman van die Verenigde State van Amerika gehou is. Dit het bekend geword as die Truman-leer.

...Een van die primêre doelwitte van die Verenigde State van Amerika is om toestande te skep waarin ons en ander nasies in staat sal wees om ‘n lewenswyse te beplan wat vry van dwang sal wees...Om die vreedsame ontwikkeling van nasies, vry van dwang, te verseker, het die Verenigde State ‘n belangrike rol gespeel,...Ons sal egter nie ons doelwitte verwesenlik nie, tensy ons gewillig is om mee te help dat vrye volkere hulle vrye instellings kan behou en hulle nasionale integriteit kan handhaaf teen aggressiewe bewegings wat beoog om totalitêre ‘regimes’ op hulle af te dwing...

Die mense van ‘n aantal lande in die wêreld het onlangs teen hulle wil totalitêre ‘regimes’ op hulle afgeforseer gekry...Op hierdie tydstip in die wêreld se geskiedenis moet byna elke nasie tussen alternatiewe lewenswyses kies...



Die een manier van lewe is gegrond op die wil van die meerderheid en word gekenmerk deur vrye instellings, verteenwoordigende regering, vry verkiesings...

Die tweede lewenswyse is gegrond op die wil van die minderheid wat met geweld op die meerderheid afgedwing word. Dit berus op terreur en verdrukking... Ek glo dit moet die beleid van die Verenigde State van Amerika wees om vry volkere te ondersteun wat teenstand bied teen pogings deur gewapende minderhede of druk van buite om hulle te onderwerp.



## BRON 6B

‘n Aankondiging deur generaal Marshall oor die doel van die Marshall-plan.

Kort op die hakke van hierdie politieke aankondiging [Truman-leer] het ‘n ekonomiese een gevolg. Terwyl die Russe probeer het om hulle ekonomie te herstel deur industriële aanlegte vanaf besette gebiede na Rusland te verskuif, het Amerika probeer om die momentum wat hulle tydens die oorlog opgebou het, te handhaaf en dié van hul geallieerdes te herstel. Daar was egter ‘n moontlikheid dat Europa, deur die oorlog verwoes, al hoe minder kapitalisties en meer na Kommunisme sou neig. Die Amerikaanse generaal George Marshall het hierdie gevaar besef asook die behoefte om met die herstel van Europa behulpsaam te wees toe hy ‘n herstelprogram aangekondig het. In ‘n toespraak (vier maande na Truman s’n gehou) het hy gesê:

*...ons beleid is nie op enige land of leerstelling gerig nie, maar teen honger, armoede, wanhoop en chaos. Die doel daarvan moet die herstel van ‘n werkende ekonomie in die wêreld wees om die ontstaan van, politieke en maatskaplike toestande waarin vrye instellings kan bestaan, toe te laat...*



**BRON 6C**

A.A. Zhdanov, 'n Sowjet-kommentator, het op 22 September 1947 die volgende te sê gehad oor die Marshall Plan:

[Die Truman-leer en die Marshall-plan] is albei 'n beliggaming van die Amerikaanse plan om Europa te verslaaf. [Die Verenigde State het] 'n aanval op die beginsel van nasionale soewereiniteit geloods. Die Sowjet-unie, daarenteen, het onvermoeid die beginsel van ware gelykheid en die beskerming van die soewereine regte van alle nasies, groot en klein, hoog gehou ...Die Sowjet-unie sal alle pogings aanwend sodat [die Marshall-plan] tot mislukking gedoem sal wees...



## 6.2 HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE WES-BERLYN BEÏNVLOED?

### BRON 6D

‘n Uittreksel wat verduidelik hoe die Berlynse Blokkade die spanning van die Koue Oorlog in Europa verhoog het:

Berlyn is na die Tweede Wêreldoorlog verdeel. In Junie 1948 het die Sowjet-unie alle pad-, spoor- en kanaalverbindings tussen Wes-Duitsland en Wes-Berlyn afgesny om die geallieerdes uit die stad te probeer dwing. President Truman het oor die krisis gepraat kort nádat dit in 1949 geëindig het:

*Ons weier om uit die stad Berlyn gedwing te word. Ons het vir die mense in Europa getoon dat ons vasberade sou optree as hulle vryheid bedreig sou word. Dit het die volke van Wes-Europa polities nader aan ons gebring. Die Berlynse Blokkade was ‘n poging om ons vermoë en ons wil om weerstand te bied, te toets.*

### BRON 6E

Die historikus, P Fisher het in sy boek, *The Greater Power Conflict*, ‘n Sowjet-siening van die Berlynse Blokkade aangehaal:

Die krisis is in Washington beplan, agter ‘n rookskerm van anti-Sowjet-propaganda. In 1948





was daar die gevaar van oorlog. Die gedrag van die Westerse magte het die bevolking van Wes-Berlyn met felheid getref. Die mense was besig om te verkleum en van honger om te kom. In die lente van 1949 is die VSA gedwing om te swig...hulle oorlogsplanne het tot niks gekom, as gevolg van die optrede van die USSR.



**BRON 6F**

'n Spotprent wat uit *Essential Modern World History* deur S Waugh kom. Dit beeld die Berlynse Blokkade uit. Die beer verteenwoordig die USSR. By die ingang van Berlyn is die vlag van Brittanje, die VSA en Frankryk. In die middel van die spotprent staan BERLYN geskryf.



Behalwe in gevalle waar spesifiek aangedui is, is alle materiaal in hierdie addendum vertalings van oorspronklike bronnemateriaal uit Engels.

## ERKENNINGS

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

- Bottaro, J. and Visser, P. 1999 *In Search of History Grade 12*, Cape Town: Oxford
- Brockman, J. 1986 *Italy and Mussolini*, New York: Longman
- Boyce, A.N. 1974 *Europe and South Africa Part 2 A History for Std 10*, Cape Town: Juta
- Condon, C. 1994 *The Making of the Modern World*, Melbourne: Macmillan
- Craig, G.A. 1972 *Europe since 1914*, USA The Dryden Press
- Culpin, C. 1998 *GCSE Modern World History*, London: Collins Educational
- Desmond, G. 1968 *Mussolini and Fascist Era*, Great Britain: Cox & Wyman
- Downing, T. & Isaacs, J. 1998 *Cold War*, London: Batam Press
- Engelmann, B. 1988 *Hitler's Germany Place and publisher unknown*
- Hargreaves, J.D. 1988 *Decolonization in Africa*, London: Publisher unknown
- Heater, D. 1992 *Our world this century*, Oxford: Oxford
- Hodgkin, T. 1957 *Nationalism in Colonial Africa*, New York: University Press
- Hills, K. 1991 *Take Ten Years 1940*, London: Evans Brothers Ltd



- Lancaster, T. & S. 1994 *The era of the Second World War*, London: Causeway Press Ltd
- Leeds, C. 1972 *Italy and Mussolini*, London: Wayland Publishers
- O'Callaghan, B. 1996 *A History of the Twentieth Century*, New York: Longman
- Pape, J. et al 1998 *Making History Grade 12*, London: Heineman Publishers
- Patrick, J. & Buzan, T. 1997 *GCSE Modern World History*, London: Hodder & Stoughton
- Pearson, E. 1975 *Hitler's Reich*, London: Harrop & Co. Ltd.
- Prockter, R. 1970 *Nazi Germany*, London: The Bodley Head Publishers
- Sauvain, P. 1997 *Germany in the Twentieth Century*, Stanley: Thornes
- Scott, J. 1989 *The World Since 1914*, Oxford: Heineman
- Seleti, Y. (ed.) 1999 *Looking into the Past Grade 12*, Cape Town: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd
- Sellman, R.R. 1970 *An Outline Atlas of World History*, London: Edward Arnold Publishers
- Silbert, M. 1999 *Holocaust Resource Book*. Cape Town: Cape Town Holocaust Centre
- Silbert, M. & Wray, D. 2004 *The Holocaust: Lessons for humanity*. Claremont: New Africa Books (Pty) Ltd
- Speed, P. & M. 1986 *The Modern World*, Somerset: Oxford
- Tordoff, W. 1984 *Government and Politics in Africa*, London: Macmillan Press Ltd
- Walsh, B. 1996 *Modern World History*, London: John Murray Publishers Ltd
- Wilson, D.A. (n.d.) *Peoples, Revolutions, and Nations*, No place: Evan



